Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 9, Nr 3, 1979. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE ONTSTAAN VAN VROUELUGVERENIGINGS IN SUID-AFRIKA VOOR DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

**Maj C. Bergh**

**The Women's Auxiliary Air Force (WAAF) came into existence shortly before the Second World War when certain key figures succeeded in generating interest in civil aviation among a number of women in South Africa. The WAAF's contribution to the SA Air Force's activities in the Second World War was considerable and is briefly discussed in the article. The organization, conditions of service and certain aspects of service life are outlined and attention is also given to the services rendered by members of the WAAF in the Middle East.**

Belangstelling deur vroue in burgerlike lugvaart in Suid-Afrika dateer terug na die laat dertigerjare. Een van hulle, mej Marjorie Egerton-Bird (Birdie), het burgerlike lugvaart in Brittanje bestudeer. Burgerlike lugvaartopleiding vir mans sowel as vroue is deur die Britse regering gesubsidieer. In Suid-Afrika kon slegs die mans voordeel trek uit 'n opleidingsubsidie, hoofsaaklik as gevolg van die tekort aan vliegtuie.[1]

Mej Bird het die moontlikheid van 'n vereniging vir vliegopleiding baie sterk oorweeg. Sodoende kon vroue opgelei word vir aanwending tydens noodtoestande. Sy het haar plan met twee entoesiastiese mede vroue-vlieëniers bespreek. Die saak is ook aan mej Doreen Hooper geopper.[2] Sy was 'n instruktrise by die Grand Central-lughawe naby Johannesburg; 'n baie bekwame vlieënier, wat haar A-lisensie op die ouderdom van agtien jaar in 1935 verwerf het. Toe sy haar B-lisensie 'n paar maande later ontvang het, was sy die jongste persoon in die Britse Statebond om hierdie onderskeiding te verwerf.[3]

Mej Hooper was baie entoesiasties toe die plan aan haar voorgelê is. Sy het belangstellendes na haar woonstel genooi om die saak te bespreek. Die ses aanwesige vroue het 'n openbare vergadering gereël vir 6 Desember 1938 om die totstandkoming van die vereniging 'n werklikheid te maak. Mev Denys Reitz, het die voorsitterstoel ingeneem.[4] Aangesien baie vroue dwarsoor die land die noodsaaklikheid van so 'n vereniging gevoel het, was die opkoms verblydend — 'n feit wat onderstreep is deurdat alle aanwesiges by die vereniging aangesluit het. Mej Hooper is verkies as voorsitster van die Suid-Afrikaanse Vrouelugvaartvereniging wat op dieselfde dag tot stand gekom het. Takke van hierdie vereniging, waarvan sommige bekend gestaan het as Lugwagposte, is dadelik dwarsoor die hele land gestig. 'n Bevelvoerder is vir elkeen van hierdie takke in Port Elizabeth, Kaapstad, Oos-Londen, Pretoria, Benoni, Durban, Grahamstad en aan die Wes-Rand aangestel. Ander eenhede het later gevolg.



**Drie van die Vrouehulplugmag se leiersfigure staan voor die VHLM se kleure wat gewy is in Durban op 18 Mei 1940. Die vroue is vlnr maj (mej) E. Percival-Hart, lt-kol (mev) D. Dunning en maj (mej) M. Egerton-Bird.**

Die oogmerk van hierdie vereniging was om vroue op te lei in die vliegkuns asook die hantering en bediening van vliegtuie om sodoende in staat te wees om die Suid-Afrikaanse Lugmag by te staan in die geval van nood. Genl en mev J. C. Smuts was die beskermhere van die Vereniging.

Mev Bertha Solomon, was een van die eerste geldelike bydraers en baie ander ondersteuners het bygedra om die vereniging in staat te stel om vliegtuie te bekom.

Aan die begin van 1939, het die bestuurder van die Randse Lughawe, mnr F. B. Haswell hulp aangebied vir die vroue om praktiese ondervinding op die lughawe op te doen. In Februarie 1939 was die eerste groep vroue gereed om belangrike gronddiens by die Randse vliegklub te doen. Al die ander takke van die SA Vrouelugvaartvereniging is op dieselfde wyse toegerus met praktiese opleidingsgeriewe, lesings en instruksies.

Die vroue was so entoesiasties oor hierdie nuwe onderneming, dat hulle naweke by lughawens opgedaag het, om allerlei nuttige take te verrig. Omdat die mans skepties was oor hulle vermoë, is hulle gebruik om vuil olierige moertjies en skroefies skoon te maak. Aangesien daar nie genoeg werk vir die getal gewillige vroue by die lughawens was nie, het hulle hulleself aangemeld vir die aanleer van motorwerktuigkunde by motorhawens, sommiges het aandklasse bygewoon in allerlei interessanthede, liggaamsopvoeding en fiksheidsklasse asook bykomende militêre opleiding.

Baie van hierdie vroue het hulle bereid verklaar om oorlogsdiens te verrig indien dit nodig sou word. Navrae het ingestroom van vroue wat wou weet watter prosedure hulle moes volg om opleiding te kan ondergaan met die doel om as plaasvervangers vir die mans in die Unieverdedigingsmag te dien.

Intussen het Brig-genl J. J. Collyer, Direkteur-generaal van die Reserwemag, op 8 Mei 1939 by verskeie mense, oa lt-kol H. C. Daniel, Direkteur van Lug- en Tegniese Dienste, navraag gedoen oor die moontlike aanwending van vroue sodat mans vrygestel kon word van administratiewe take. Die antwoord was baie ontwykend en nie heeltemal bevredigend uit die oogpunt van die angstige vroue nie. Toe dieselfde vraag aan kol J. Holthouse, Direkteur-generaal van Lugdienste, gestel is, was sy antwoord baie meer bemoedigend toe hy voorgestel het dat die vroue aangewend word as tiksters, klerke, pakhuisassistente, werkers in kantiene en menasies, telekommunikasiepersoneel, rapportryers, motortransportdrywers, operateurs, grondpersoneel en instruktrises.

Met die uitbreek van die oorlog op 3 September 1939 het 'n telegram die Eerste Minister bereik waarin die Suid-Afrikaanse Vrouelugvaartvereniging sy volle samewerking en dienste aan die regering aangebied het. Op daardie stadium kon geen onmiddellike aandag aan hierdie aanbod geskenk word nie, aangesien die Generale Staf heeltemal te besig was met die voorbereiding van die Landmag en Lugmag vir aktiewe diens.

Op 2 Oktober 1939 het die Direkteur-generaal van Lugdienste sy weg oopgesien om, ondanks druk werksaamhede, die saluut tydens 'n parade van die Vroue Lugvaartvereniging by die Randse Lughawe te neem. Hy het dáár aangekondig dat die Suid-Afrikaaanse Lugmag die vereniging sou verwelkom as 'n Vroue Vrywilliger-hulpeenheid. 'n Week na hierdie aankondiging het 'n versoek van die vroue gekom vir volle erkenning as deel van die Lugmag. Hulle het ook aansoek gedoen vir die dra van Lugmagkentekens, gratis uniforms asook om opleiding te ondergaan en kampe by te woon. Lt-kol Holthouse het hierdie versoek aan die Hoof van die Generale Staf gerig en drie weke later is opdrag gegee aan die hoofde van departemente om besonderhede vir die opleiding van ongeveer 1 000 dames uit te werk, sodat diens verrig kon word met die mans in die SA Lugmag.[5]

## Die Vrouehulplugmag

### Ontstaan

Op 'n vergadering van verteenwoordigers van militêre vroue-organisasies wat op 22 Mei 1939 in Pretoria met die Direkteur-generaal van Reserwes van die Unieverdedigingsmag as voorsitter gehou is, is daar besluit om 'n nasionale organisasie op te rig om al die bedrywighede van die militêre vroue-organisasies te koördineer. Die onmiddellike doel van die Departement van Verdediging was om te verseker dat die dienste van vroue beskikbaar sou wees om manne vry te stel en, om indien nodig, militêre diens te verrig.

Die eerste konferensie van senior offisiere van hierdie nuwe liggaam, die Suid-Afrikaanse Vrouehulpdiens is op 8 November 1939 in Pretoria deur die Eerste Minister geopen. By

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 9, Nr 3, 1979. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

hierdie konferensie is verskeie besluite geneem onder andere dat die vereniging as die Suid-Afrikaanse Vrouehulpdiens (SAVHD) bekend sou staan; daar is ingestem om die indeling van die Unie en Suidwes-Afrika in twaalf streekskommandemente,[6] nl. onder andere Kommandement Kaap, Kommandement Oostelike Provinsie, Kommandement Natal, Kommandement Oranje-Vrystaat, Kommandement Voortrekkerhoogte en Transvaal, Kommandement Witwatersrand en Kommandement Suidwes-Afrika[7] in te stel en 'n tak van die SAVHD sou in elke kommandement gestig word.[8]

Kort na die stigting van die SAVHD, het 'n proklamasie op 17 November 1939 in die staatskoerant verskyn waarvolgens die Vrouehulpverdedigingskorps (VHVK) gestig is, bestaande uit die Vrouehulplandmag en die Vrouehulplugmag.[9] Die SAVHD sou gebruik word vir die werwing van vroue vir die VHVK.[10]

Aan die begin van Desember 1939 is 'n eksperiment deur die militêre beheervoerders geloods toe 'n lid van die SA Vrouelugvaartvereniging by Zwartkoplugmagstasie opgelei is vir die pak van valskerms. Nog elf van die vereniging se lede het die kursus voltooi, maar die vroue was gefrustreerd omdat hulle na hulle burgerlike take moes terugkeer in plaas van om as voltydse lede by die Lugmag aan te sluit. Ten spyte van die publikasie van die ontstaan van die Vrouehulplugmag in die Staatskoerant van 10 Mei 1940, is geen vroue teen daardie tyd opgeroep om militêre diens te verrig nie. Baie van hulle het bedank en die SA Vrouelugvaartvereniging het gevaar geloop om te ontbind.[11]

Uit desperaatheid het mej Egerton-Bird, een van die ampsdraers van die SA Vrouelugvaartvereniging, besluit om 'n groot parade by die Grand Central-lughawe naby Johannesburg te hou op genl Smuts se verjaardag, 24 Mei 1940. Die parade het 'n reuse sukses geblyk te wees en die hoogtepunt van die geleentheid het gekom toe mev Deneys Reitz 'n boodskap van die Hoof van die Generale Staf kon voorlees. Daarin het hy die feit beklemtoon dat die Lugmag die vroue baie beslis nodig het. Hy het verder 'n beroep op die vroue gedoen om hulle in groot getalle by die Vrouehulplugmag aan te sluit en skouer aan skouer met die mans te staan in landsverdediging.[12]



**Vrouehulplugmag motorbestuurder gedurende die Tweede Wêreldoorlog.**

Op 1 Junie 1940 het die wense en verlange van baie jong vroue bewaarheid geword toe mej Doreen Hooper opgeroep is vir voltydse diens. Sy is aangestel as direktrise van die SA Vrouehulplugmag met die rang van majoor.[13]

**Organisasie**

Die Vrouehulplugmag (VHLM) het bestaan uit soveel hoofkwartierpersoneellede en offisiere, adjudant-onderoffisiere, onderoffisiere en lugvroue as wat vir diens in die Suid-Afrikaanse Lugmag benodig is. Die VHLM is in range georganiseer, onder 'n bevelvoerende offisier, die adjunk-direkteur, en was verantwoordelik aan die Direkteur-generaal van die Lugmag. Die VHLM het onder beheer gestaan van die Direkteur-generaal van die Lugmag. Offisiere en ander range is na gelang van behoefte by Lugmagkommandemente, -stasies, of -eenhede ingedeel. Die offisier in bevel van plaaslike VHLM personeellede moes aangaande die opleiding, dissipline, welsyn en geskiktheid van alle range van haar afdeling verantwoording doen aan die Bevelvoerder van die Lugmagkommandement, -eenheid of -stasie waarby hulle ingedeel is.[14]

**Opleiding**

Vroue wat aangesluit het as lede van die VHLM het die kamp in Valhalla bygewoon vir hul eerste drie weke van opleiding. Nadat hulle hul verblyfplek, nommers, identiteitsdokumente en uniformuitreiking ontvang het, is hulle van komberse, kussings, lakens sowel as 'n staaltrommel voorsien.

Die roetine van die eerste drie weke kamp het daagliks begin met 'n aantrede op die paradegrond om 0600 uur, ongeag of dit winter of somer was. Dissipline was in hierdie beginstadium van opleiding baie belangrik. Dan moes hulle ook leer om salueer en eerbewys te betoon en gesondheid en persoonlike netheid het 'n belangrike deel van die opleidingsprogram uitgemaak.

Omdat elke Vrydag uitstaptyd vir die rekrute was, is Donderdagaande gewy aan die skoonmaak van klere en die blinkvryf van skoene en knope.

Na hierdie eerste drie weke van basiese opleiding, is die rekrute uitgeplaas na eenhede oor die hele land. Vakleerlinge is oorgeplaas na die Tegniese Kollege en vandaar na die groot opleidingskampe te Vereeniging, Wonderboom en Port Elizabeth.[15]

Ten einde die tekort aan mannekrag te bowe te kom is daar in Februarie 1941 op groot skaal met basiese tegniese opleiding begin. Lede van die VHLM is geleer om pas- en draaiwerk te doen, onderdele te vervaardig, soldeerwerk te doen asook skryn- en metaalwerk te verrig. Hierdie kursusse het van agt tot twaalf weke geduur, waarna die gekwalifiseerde vroue by die verskillende lugdepots aangestel is of na 'n skool vir Tegniese opleiding gestuur is. Die goeie resultate wat by die Tegniese opleidingseenhede en -skole behaal is, asook die deeglike werk wat lede van die VHLM op ander terreine verrig het, het getoon dat vroue wel geskik was om allerlei vakmanswerk te doen.[16]

Aan die einde van September 1942 het 'n oproep gekom vir vroue om as fotograwe opgelei te word. Die opleidingskursus in fotografie was veelomvattend en het ongeveer vier maande geduur. Dit het teoretiese sowel as praktiese instruksie in al die vertakkinge van die werk ingesluit.

Die werk het veral bestaan uit die prosessering van lug- en grondfoto's.[17]

Die eerste skool in die Unie vir die opleiding van vliegwerktuigkundiges is aan die begin van 1942 gestig, en later is besluit om ook hierdie opleiding na vroue uit te brei. Die eerste groep vroue het alreeds teen Junie 1942 gekwalifiseer as vliegwerktuigkundiges en die eksperiment het 'n sukses geblyk te wees. 'n Basiese opleidingstydperk van tien weke is gevolg waar die vroue die elementêre beginsels van ingenieursprosesse en gereedskap geleer is. Daarna is hulle na die opleidingsentrum gestuur vir sestien weke waar hulle instruksie in masjienonderdele of vliegtuigraamwerk ontvang het. Na hierdie afsonderlike opleiding het die vroue weer bymekaar gekom vir die aanleer van algemene lughaweprosedures.[18]

Van die vroue is opgelei om toesig te hou oor die higiëne en netheid van die verskillende kampe. Verder is kursusse in kodeskrif aangebied waar die vroue bewys gelewer het dat hulle nie slegs in staat was om vertroulike werk te verrig nie, maar ook daarmee vertrou kon word. Vir die karweiers of vragryers is ook kursusse aangebied.[19]

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 9, Nr 3, 1979. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Lt-kol (mev) D. Dunning, 'n stigterslid van die VHLM. (Foto uit 'WAAF' Feb 1943 Vol 2, No 10).**

'n Hele aantal klerklike kursusse het bestaan veral vir klerke in 'n gewone kantoorsituasie. Hierdie kursusse is by 68 Lugskool, Lyttelton aangebied. Kursusse is ook vir klerke aangebied vir oorplasing na tegniese- en kwartiermeesterstore. Meer gespesialiseerde kursusse is vir snelskriftiksters en tiksters in Robertshoogte aangebied. Die eerste liggaamlike opvoedingskursus wat vir vroue aangebied is by die Militêre Kollege, Voortrekkerhoogte is op 19 Augustus 1941 met goeie gevolg voltooi.

Verder is administratiewe en regimentskursusse ook van ewe groot belang beskou. Regimentsopleiding het die volgende ingesluit: Paradewerk, dienskamerwerk, wagkamerdiens, VHLM-regulasies en veiligheidsmaatreëls. Daar is selfs ook kursusse van tyd tot tyd vir spyseniers aangebied.[20]

## Eerste fase

Na die aanstelling van maj Doreen Hooper as eerste bevelvoerder van die nuutgestigte Vrouehulplugmag het die eerste honderd-en-twintig rekrute vinnig gevolg. Hulle het gekom uit die verskillende takke van die Vrouelugvaartvereniging. Die eerste trein met rekrute het op 28 Junie 1940 in Pretoria aangekom. Hulle is dadelik met uniforms uitgereik. Diegene wat nie dadelik kon aansluit om voltydse diens te verrig nie, is opgeneem in die Vroue Vrywilligerslugmag.[21] Lg het ontstaan toe daar in Oktober 1940 besluit is dat 'n onderskeid gemaak sou word tussen VHLM op voltydse basis en die VVLM (Vroue Vrywilligerslugmag) op 'n deeltydse basis.

Lg groep sou indiwidue insluit wat bereid is om voltydse diens te doen en as sodanige aangesluit het en enige tyd opgeroep kon word. Hulle het 'n soortgelyke taak verrig as die burgermageenhede van die huidige Weermag. Hierdie vroue sou direk onder die bevelvoerder van die betrokke kommandement waarin hulle woon, val.[22]

In Februarie 1941 is kapt Norah MacKenzie aangestel as bevelvoerder, VHLM-werwing en adjunk-direkteur van die Vroue Vrywilligerlugmag. Lg was altyd die grootste bron van rekrute vir die voltydse diens.

In Junie 1942 is werwingswerk van die VHLM oorhandig aan die Direkteur van Werwing wat terselfdertyd ook kontroleur van die Vrouehulplandmag was. Die gevolg was dat die getalle van die VHLM gedaal het na 'n skamele 125 per maand as gevolg van die dubbele werwingsdoel wat hierdie liggaam verrig het. Dit is daarom verstaanbaar dat die lede van die VHLM gevoel het dat hulle beter werwingswerk kon doen toe dit nog in hul eie hande was. 'n Ander ontstellende oorsaak vir die daling in getalle is die feit dat slegs Valhallakamp gebruik is as opleidingskamp. Dit het beteken dat baie rekrute eerder by die Vrouehulplandmag sou aansluit, as om na Pretoria af te reis om opleiding in die VHLM te geniet.

Toe 'n verdere beroep om rekrute in Junie 1944 gedoen is, hoofsaaklik vir die Tegniese afdeling, is baie aansoeke by die Edwardstraatkamp in Pretoria ontvang.[23]

## Kampe

In Junie 1942 het 35 kampe vir die VHLM bestaan onder andere op die volgende plekke. Gordonsbaai, Edwardstraat, Pretoria, Valhalla, Germiston, Tempe, Baragwanath, Vereeniging, Wonderboom en Nigel.[24] Verder was vyf ander in aanbou teen die einde van 1942.[25] Edwardstraatkamp was die eerste kamp wat in Pretoria opgerig is. Die gebou was 'n aantreklike baksteengebou omring deur groot gronde. Die goed ingerigte klein enkelkamers kon voldoen aan die behoeftes van die vroue aangesien elke paar kamers oor sy eie toegeruste badkamer beskik, terwyl die kamp net 'n sentrale eetkamer gehad het. Mej Blockley was die eerste bevelvoerder voordat sy "n moeder' vir al die VHLM-kampe geword het deurdat sy dwarsoor die land gereis het as bevelvoerende offisier van die VHLM-afdeling.

Met die sluiting van Edwardstraatkamp, is die dames verskuif na 'n kamp in Robertshoogte met die latere naam van Valhallakamp.[26] Hierdie

kamp was die grootste en kon ongeveer 1 000 vroue huisves en is hoofsaaklik gebruik as opleidingskamp vir rekrute. Daar is hulle geleer om te dril, maar hulle het ook lesings oor die regulasies van die VHLM, dissipline en salueer en eerbewys ontvang voordat hulle na die verskillende eenhede oorgeplaas is.

In bevel van elke kamp was 'n offisier van die VHLM. Sy is bygestaan deur 'n personeel van administratiewe offisiere, tugoffisiere, liggaamlike opvoeding instruktrises, hospitaalsoldate, haarkapsters, voorraadklerke, gesondheidsbediendes en karweiers.[27]

Alle VHLM-kampe is georganiseer volgens 'n militêre patroon. Die uitleg het bestaan uit reguit rye van hutte met die bad- en wasgeriewe tussenin, saam met die gewone eetplekke, kantiene en ontspanningshutte ook daarby. Die hele kompeks is omring deur 'n veiligheidsomheining wat deur wagte beman is. Elke inwonende lid van die kamp was op een of ander stadium verantwoordelik vir die normale eenheidsbedrywighede in die kamp soos diensdoen, ens. Baie van die kampe het tennisbane van hul eie gehad, terwyl swembaddens en sportgronde met die SALM gedeel is.[28]

**Aard, omvang en regulasies**

Die aard van die take wat deur die vroue verrig is, het gewissel van kantoorwerk, werk in die donkerkamers van die fotografiese afdelings, telekommunikasie-operateurs tot die hervulling van vliegtuie. Verder het hulle gehelp met die taak van verpakking van valskerms wat 'n baie belangrike onderafdeling van die werk op 'n militêre lughawe of eskader gevorm het. 'n Baie belangrike aspek van die werk van die vroue was die van radio-operateurs.



**Maj (mej) Hovell, stafoffisier van die VHLM. (Foto uit 'WAAF' Jan 1945 Vol 4, No 9).**

Dit was 'n erkende feit dat dit later die vroue was wat met alle aspekte van die lughaweprosedure kon werk. Sommige vroue het dan ook bewys dat hulle uiters geskik was vir die herstel en soldeer van klein masjiendeeltjies.

Die grootste gedeelte van alle klerklike en administratiewe take is slegs deur vroue gedoen en dit het tiksters, boekhoudsters en algemene kantoorwerksters ingesluit.[29] 'n Voorstel en versoek het ook gekom dat dames in Verdedigingsmagposkantore aangewend kon word. Die vroue was ook suksesvol gekwalifiseerde vragmotorbestuurders. In 1941 was daar reeds 110 gekwalifiseerde motorbestuurders waarvan 89 hulleself bereid verklaar het om diens in Afrika te gaan verrig.[30]

Sommige van die VHLM-afdelings het van vroue as betaalmeesters gebruik gemaak, terwyl sportoffisiere in die mansgeledere deur vroue vervang is. Spyseniers in die Verdedigingsmag was 'n baie belangrike deel van elke eenheid. Ook hier is uitsluitlik van vroue gebruik gemaak om die werk in die kantiene en menasies te verrig. Die VHLM-spyseniers was veral in aanvraag by die *Royal Air Force;* In die siekeboë en tandartsklinieke is ook baie lede van die VHLM aangetref.[31]

Baie vroue het as lede van die VHLM aangesluit. Die oorspronklike idee was om slegs 1 000 vroue op te lei vir die taak om mans op alle gebiede van die Lugmag te vervang.[32] Aan die einde van die oorlog het die getal vroue wat hulleself as vrywilligers by die VHLM aangesluit het, die totaal van 9 143 bereik.[33]

Die regulasies betreffende die aanstelling van die vroue as lede van die VHLM was veelomvattend en het onder andere die volgende hoofaspekte ingesluit:

> Geen lid is vir diens in die VHLM aangeneem nie, as sy nie 'n Unieburger of Britse onderdaan van Europese afkoms was nie; Sy moes tussen 18 jaar en 45 jaar oud wees. Geneeskundig moes sy geskik wees vir diens soos deur 'n offisier-geneeskundige bevind. Nogtans kon die adjudant-generaal egter die aanname van applikante magtig wat nie aan die vereistes betreffende nasionaliteit of onderdane voldoen het nie.[34]
>
> Die rangverhouding tussen lede van die UVM en lede van die VHLM en Vrouehulplandmag was deurgaans dieselfde tot en met

die rang van Stafsersant wat in die geval van die UVM en Vrouehulplandmag as sodanig gebly het, maar by die VHLM bekend gestaan het as vlugsersant. Die vrou in die VHLM het die rang van lugkorporaal beklee in vergelyking met korporaal, terwyl geen ekwivalent vir onderkorporaal by die VHLM bestaan het nie. In die geval van die UVM se rang *manskap* het die VHLM beskik oor *lugvrou* en die Vrouehulplandmag 'vrou'.[35]

Lede wat opleiding vir spesiale poste meegemaak het is as kadette geklassifiseer. Die uniform van die kadet was van barathea-materiaal en is gesny op die patroon van 'n offisiersuniform, maar het geen rangkentekens gehad nie. Om die pet was 'n wit band.

Die rangkentekens wat deur lede gedra is, was net soos die geval met die mans in die leër en lugmag. Die kentekens is op die regterarm gedra: in die geval van adjudantoffisiere halfpad tussen die elmboog en die pols, en in die geval van onderoffisiere halfpad tussen die skouer en die elmboog.

Offisiere is aangestel of bevorder deur die Adjudant-generaal en manskappe en ander range deur die Direkteur-generaal Lugmag (DGLM). Aan offisiere wat in die VHLM aangestel is, is 'n aanstellingsbrief, onderteken deur die Minister van Verdediging gegee. Behalwe in spesiale gevalle het almal wat vir die eerste keer as offisier aangestel is, die rang van tweede luitenant ontvang.

Aan offisiere kon 'n tydelike of waarnemende rang verleen word. 'n Waarnemende rang het geen addisionele besoldiging meegebring nie.

Offisiere, AO'e en OO'e van die Staande Mag en die Aktiewe Burgermag het voorrang geniet bo al die offisiere, AO'e en OO'e van dieselfde rang by die VHLM ongeag wat die datum van aanstelling of bevordering was, met dien verstande dat 'n offisier van die VHLM nie bevel kon aanvaar oor manlike offisiere of manskappe van die UVM nie.

'n Offisier wat as gevolg van swak gesondheid of om enige ander rede nie in staat was om haar werksaamhede te verrig nie, of op 'n ander manier haar plig as offisier versuim het, of haar nie gedra het soos dit 'n offisier betaam nie, kon deur die Adjudant-generaal versoek word om te bedank, met dien verstande dat 'n offisier nie aangesê kon word om te bedank, sonder dat sy skriftelik van 'n klagte of 'n aanklag wat teen haar ingedien is of van voorgenome stappe teen haar in kennis gestel is nie, of sonder dat sy versoek is om teenbewys aan te voer nie. Verder kon en moes 'n offisier wat begerig was om te bedank, 'n aansoek aan die Adjudant-generaal rig en die redes vir haar bedanking uiteensit.

Die Adjudant-generaal kon om een of meer van die volgende redes opdrag gee dat 'n onderoffisier of manskap ontslaan word:

a. As gevolg van ongeskiktheid om die werksaamhede van die VHLM te verrig, soos bevind deur 'n geneeskundige raad.
b. Haar diens is nie langer benodig nie.
c. Die sterkte is verminder.
d. Sy wou op eie versoek haar ontslag koop teen vasgestelde tariewe met dien verstande dat die Sekretaris op aanbeveling van die Adjudant-generaal en met goedkeuring van die Tesourie in spesiale gevalle afstand kon doen van die koopprys of 'n van gedeelte daarvan.
e. Sy het met inswering 'n valse antwoord gegee.
f. Daar is onbevredigende besonderhede aangaande haar verlede ontvang.

'n Lid wat bedank het, haar ontslag gekoop het of ontslaan is, moes alle uitrusting in haar besit aan die pakhuis terugbesorg, en voordat sy vrygestel is, moes 'n getekende ontvangsbewys ten opsigte van die uitrusting getoon word.

Onder uitrusting is onder andere die volgende verstaan: soldatetrommel, lakens, komberse, kussingslope, stoel, handdoeke, matras, kussing, ketel, waterfles, knapsak, grondseiltjie, eetblik, eetgerei, helm en muskietnet.

Die daaglikse soldytarief het gewissel van 22 sjielings vir lt-kol tot 3/6 vir lugvroue. Alle lede is as ongetroud beskou.[36] Die soldy van die vroue het slegs wat lugvroue en lugwerktuigkundiges by die mans betref, ooreengestem nl 3/6. In die geval van 'n lt-kol het die soldy met 18 sjielings verskil. In die geval van vakleerlinge het die mans ook meer ontvang as die dames. Die dames het dieselfde werk gedoen as die mans en die werk wat hulle verrig het, was van hoogs bevredigendė gehalte.[37]

Lede wat nie van rantsoene en kwartiere voorsien is nie, het 'n rantsoentoelaag van twee sjielings per dag en 'n kwartiertoelaag van een sjieling per dag ontvang. 'n Lid wat op diens gereis het, is gratis vervoer of kosteloos van 'n vervoermiddel

voorsien en indien geen vervoermiddel verskaf is nie, het hulle 'n reistoelae van drie tot vier-en-'n-half pennies per myl ontvang. Reistoelae is ook volgens dagtariewe betaal. Aan 'n offisier met kapteinsrang en hoër is 17/6 betaal, 'n luitenant het 15/- ontvang en die tariewe van onderoffisiere het gewissel van 10/- aan 'n lugvrou tot 15/- vir 'n AO. Lede was ook geregtig om met 'n eersteklastreinkaartjie te reis.

Wat geneeskundige behandeling betref, is professionele advies en versorging in 'n militêre of burgerlike hospitaal, afhangende van waar die persoon gewoon het, gratis verskaf. Medisyne en verbande is gratis verskaf, terwyl tandheelkundige behandeling bykans gratis geskied het.

Verlof van 38 dae in die geval van offisiere is te eniger tyd gedurende elke dienstydperk van twaalf maande, gereken vanaf die datum van aanstelling, toegeken terwyl onderoffisiere 30 dae verlof ontvang het. Verlof kon slegs as 'n voorreg beskou word maar was nie oploopbaar nie.

'n Aanvangstoelae ten opsigte van uniformaankope asook 'n toelae ter versorging daarvan is betaal. In die geval van offisiere was die bedrag £15.00 en 1 sjieling per dag versorgingstoelae en in die geval van onderoffisiere dieselfde en 11 pennies per dag versorgingstoelae.

'n Bepaling aangaande die tenue het gelui dat geen deel van die uniform saam met burgerlike klere gedra word nie. Geen juweliersware, behalwe horlosies en ringe in die geval van getroude of verloofdes is by die uniform toegelaat nie.

Dissiplinêre magte is in die VHLM-organisasie deur die betrokke offisier uitgeoefen. Geen offisier, behalwe 'n offisier in die VHLM het die bevoegdheid gehad om 'n VHLM-lid vir 'n oortreding van hierdie regulasies te verhoor nie. Geen lid van die VHLM kon deur 'n krygsraad verhoor word nie.

Die dissiplinêre stappe het in die geval van die vroue ooreengekom met die wat op die mans van toepassing was.[38]

**Sosiale versorging en ontspanning**

Die sosiale versorging en welsyn het 'n belangrike deel van die werksaamhede van die VHLM ingesluit. Aangesien die welsynsafdeling van die VHLM so nou verbonde was aan die afdeling welsyn van die Unieverdedigingsmag, sal dit onbetroubaar wees om net die een deel uit te sonder.

Die eerste lede van die VHLM se welsynsafdeling is op 7 Junie 1940 uit die geledere van vrywillige organisasies gewerf. Die meeste van hulle was afkomstig uit die vrywilligers-afdeling.

Hulle was dikwels mense met goeie opvoedkundige kwalifikasies, met die hoofoogmerk van dienslewering in tye van krisis en nood.

Enkele welsynsprobleme het ontstaan en bevelvoerders van onderskeie eenhede het hierdie gevalle afsonderlik behandel en probleme opgelos. Sulke probleme het dronkenskap, sedeloosheid en slegte taalgebruik ingesluit. Jong vroue het onskuldig van die platteland na die stad gekom, dikwels heeltemal onbewus van die gevare van die stadslewe. Die gevolge van hierdie probleme wat die bevelvoerders ondervind het, was dat administratiewe werk noodwendig moes agterweë bly. Welsynswerk het 'n gespesialiseerde beroep geword en die behoefte aan vroue wat spesiaal vir hierdie doel opgelei was, het ontstaan. Pogings is aangewend om onderoffisiere vir hierdie taak van welsynsoffisiere te gebruik, afgesien van hul daaglikse normale take, maar dit het geblyk 'n mislukking te wees.

In April 1941 is kapt (mev) J. Jordaan aangestel as welsynsoffisier en beveel om leerplanne op te stel vir sport en ontspanning. Sy het ook onderneem om skakelwerk te doen met alle organisasies geïnteresseerd in die welsyn van die soldate.[39] Die eerste VHLM-welsynsoffisier is reeds in Desember 1941 in Pretoria aangestel en later in dieselfde maand het nog vier diens aanvaar in Kaapstad en Johannesburg.[40]

Samesprekings tussen die bevelvoerder, VHLM lt-kol Dunning en die Direkteur van Leëropvoedingsdienste, lt-kol E. G. Malherbe het op 'n kombinasie van Welsyns- en Voorligtingsdiens uitgeloop. 'n Welsynsvoorligtingskursus is vir offisiere vir Augustus — September 1942 gereël en 40 kandidate is gekeur vir hierdie doel. Die kursus is gehou in die Valhallakamp. In September 1942 het 15 Welsyns- en Welsynsinligtingsoffisiere kommissie ontvang en hulle is na verskeie eenhede in die Unie oorgeplaas. Vir die welsynsaspek van hulle werk was hulle aan kapt Jordaan verantwoordelik en vir die voorligtingswerk aan kapt (mej) Kirsch van

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 9, Nr 3, 1979. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Opvoedkundige Dienste, 'n afdeling van Militêre Inligting.[41] Die goeie kombinasie van welsynswerk en voorligting was eintlik te danke aan laasgenoemde persoon. Die idee van so 'n organisasie het egter nie in Suid-Afrika ontstaan nie, maar toestande en probleme het die noodsaaklikheid van so 'n organisasie bespoedig.[42]

'n Allesomvattende pligstaat is uitgewerk vir die voorligting van die kursusgangers. Dit het onder andere ingesluit: lesings wat aangebied is oor huidige toestande en algemeen sosiale-politieke en ekonomiese vraagstukke met spesiale verwysing na die aanwending van die vrou na die oorlog. Besprekings en debatterings oor hierdie sake was van groot belang. Nuusbulletins is uitgereik en literatuur, verskaf deur die Opvoedkundige Dienste, is versprei. Die welsynsoffisiere moes samewerking soek met die Departement van Volkswelsyn asook optree as skakeloffisiere tussen die personeel en hul families met betrekking tot skenkings van die Goewerneur-generaal se oorlogsfonds.

Ondersoek na huislike omstandighede en kinderwelvaart is as baie belangrik beskou. Die welsynsoffisiere moes hulleself gereeld beskikbaar stel om probleme van persoonlike aard te probeer oplos. Hierdie ondersoeke het baie tragedies, armoede en onkunde in baie opsigte aan die lig gebring.[43]

Maandelikse verslae is deur welsynsoffisiere ingedien waarin volledig verslag gedoen is van hulle bevindinge. Baie van hulle het ook dwarsoor die land gereis om probleme met ander welsynswerksters te bespreek en raad en advies oor sekere ernstige gevalle in te win.[44]

In Maart 1943 moes maj (mev) Jordaan weens swak gesondheid bedank. Lt (mev) Dashwood is aangestel as administratiewe welsynsvoorligtingsoffisier by VHVK-hoofkwartier. Hierdie vrou is verantwoordelik gemaak vir die koördinasie van beide afdelings en sy moes ook optree as skakeloffisier van Opvoedkundige Dienste. Haar pligte het ook besoeke en inspeksies aan kampe en afdelings ingesluit.

Gedurende 1943 het die voorligtingsdiens van die Welsyn merkwaardig uitgebrei. Nuwe offisiere is aangestel en opgelei, totdat daar uiteindelik 23 offisiere in die Republiek werksaam was. Nuwe standaarde is ingestel. Aan die een kant is daar gestrewe na 'n hoër opvoedkundige standaard, en aan die ander kant is gepoog om voorsiening te maak vir die beoefening van stokperdjies, veral handwerk. Lede is aangemoedig om klasse by Tegniese Kolleges by te woon en van die kulturele fasiliteite in hulle dorpe gebruik te maak.

Diegene wat gespesialiseerde dienste gelewer het, en op geïsoleerde plekke gestasioneer was bv die seiners en kusartillerie, het vir korrespondensiekursusse ingeskryf. In Johannesburg en Pretoria het lede tik, snelskrif en boekhoulesse bygewoon. Klerklike kursusse wat aangebied is, het baie applikante gewerf en verskeie tiksters en kantoorwerksters kon opgelei word.

Vernuf en handwerk is aangemoedig deur die stigting van brei- en naaldwerkgroepe. Kursusse in kleremakery en leerlooiery is ook aangebied. Deelname aan teateraktiwiteite is ook deur welsynsoffisiere aangemoedig.[45]

Die werk van die welsynsvoorligtingsoffisiere was egter ook nie slegs beperk tot die hulp aan VHLM-lede nie. Hulp is ook aangebied aan mans waar probleme opgelos is of slegs gehelp is om hulle algemene moreel te verhoog.[46]

In Junie 1944 is 'n opknappingskursus vir voorligtingsoffisiere by Valhallakamp gehou. Tydens die kursus kon die uitstekende samewerking tussen die VHLM en Leërhulpdiens duidelik gesien word. Baie probleme wat betrekking gehad het op die na-oorlogse rekonstruksie en periode van demobilisasie is uitgestryk. Burgerlike lektore wat verskeie menings oor die sosiale en ekonomiese lewe in Suid-Afrika gehuldig het, het hulle menings uitgespreek. Daardeur het hulle ook meer te wete gekom van die probleme wat die Voorligtingsoffisiere moes oplos.[47]

In Augustus 1944 het die Adjudant-generaal sy toestemming verleen dat 'n voorligtingswelsynsoffisier na die noorde kon gaan. Kapt (mej) Colightly is vir hier·lie taak gekies. Sy het al die VHLM en Leërhulpdiens in die Midde-Ooste en Middellandse See-lande besoek en verslae oor haar bevindinge na Suid-Afrika deurgestuur. Sy het spesiale melding gemaak van die blymoedigheid wat die klerklike werkers en die voedselassistente onder moeilike omstandighede in die UVM se hospitale in Italië geopenbaar het.[48]

In 1946 het die opvoedkundige dienste opgehou om te funksioneer. Die tekort aan personeel en die voortdurende veranderinge wat in die demobilisasie periode plaasgevind het, het

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 9, Nr 3, 1979. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

verhoed dat verdere lesings of kursusse aangebied is.

Die welsynsoffisiere is geleidelik van hulle pligte onthef. Baie van hulle is na demobilisasie verplaas waar hulle as offisiere uitstekende diens verrig het om die mense te help met die heraanpassing.

Op 27 Junie 1946 was daar slegs nege welsynsoffisiere. Die werk is nogtans in die verskeie eenhede voortgesit, totdat hulle dienste nie meer benodig was nie. Ook van die kant van die bevelvoerders, is die welsynsoffisiere hoog aangeskrewe veral as gevolg van die feit dat hulle hul take met soveel toewyding verrig het.[49]

Vir ontspanning het die dames konserte, lesings en danse gereël. Daar is ook vir hierdie doel klasse in eerstehulp, tuisverpleging en brandbestryding aangebied. Lede van die VHLM het vrywillig 'n orkes gestig wat na werksure geoefen het en dikwels by vlagstrykingseremonies van die SALM en VHLM opgetree het.

Elke kamp van die VHLM het oor sy eie ontspanningsaal beskik. Dit het bestaan uit lees- en skryfkamers, 'n sentrale saal waarin konserte en danse gehou is terwyl kantiene ook by hierdie kompleks ingesluit is.

As tydverdryf is in Oos-Londen begin met die maak van speelgoed. Behalwe dat dit 'n winsgewende manier was om fondse in te samel, kon dit na die oorlog ook dien as 'n goeie manier van verdienste.[50]

## Die Suid-Afrikaanse Vrouehulplugmag in die Midde-Ooste

Op 1 September 1941 het die eerste lid van die VHLM, kpl J. McKindrick, in Kairo aangekom om die werk as 'n tikster van die SALM te begin; laasgenoemde het as 'n deel van die *Royal Air Force* Hoofkwartier gefunksioneer. Die volgende dag kenmerk die aankoms van lt G. N. Griffith in Nairobi as persoonlike adjudant vir lt-kol H. W. Hingeston. Op 19 September 1941, is kapt M. A. Horrel aangestel as assistent-direkteur van die VHLM op die diensstaat van lt-kol Hingeston. Sy het ook die taak gehad om op te tree as Bevelvoerende Offisier, SA Vrouehulplugmag in die Midde-Ooste. Lt-kol Doreen Dunning het op dieselfde dag uit Pretoria aangekom om saam met kapt Horrel inspeksie te doen aangaande die woonplekke wat die eerste VHLM-lede sou bewoon. Op 21 September 1941 is 'n konferensie gehou, bygewoon deur oa die Direkteur-generaal van die Lugmag, brig C. J. Venter en verskeie *RAF* offisiere waar 'n besluit geneem is dat veel meer vroue in diens van die SALM en *RAF* in die Midde-Ooste nodig sou wees as die tien wat deur die SALM hoofkwartier aangevra is. Hulle kon gebruik word as klerke, tiksters en transportdrywers. Noue samewerking is met die *RAF* bepleit, sodat die Suid-Afrikaanse vroue eintlik as *RAF* vroue aangewend is.

Die VHLM-lede het hulle baie gou ingegrawe in die oorlogstaak en dit het duidelik geblyk dat hulle 'n integrale deel sou vorm van die werksaamhede in die Midde-Ooste.

'n Verdere aantal vroue het op 7 Januarie 1942 vertrek om hulle by die magte in die Midde-Ooste aan te sluit. Op 13 Februarie 1942 het lt Phillips en 42 VHLM-vroue in Tewfik geland en na Kairo vertrek. Vyf dae later het 'n verdere groep van 200 vroue hulle in Kairo aangemeld. Teen die einde van Februarie 1942 was daar alreeds 86 VHLM-offisiere en ander range werksaam in Kairo, terwyl baie ander uitgeplaas is na ander standplase, waar die oorgrote meerderheid van hulle aan die *RAF* verbonde was. Die VHLM is in groepe verdeel waardeur elke groep een SALM-eskader aangeneem het. Hulle het die eskaders voorsien van boeke en tydskrifte; vir die lede inkopies gedoen asook ongevalle in hospitale besoek.

Met die besoek aan Kairo, is vlieëniers en grondpersoneel deur die VHLM onthaal.

Gedurende Maart 1942 het die *RAF* vir veertig meer lede van die VHLM gevra om diens te doen as klerke. Die probleem van huwelike van VHLM-lede is opgelos deurdat reëls gepubliseer is met die bepaling dat geen Suid-Afrikaanse vrou wat in die huwelik tree, buite barakke kon woon nie.

'n Welkome besoeker aan die VHLM was genl J. C. Smuts se eggenote op 12 Mei 1942.

Op 12 Junie 1942 het die aankondiging gekom dat die SALM en VHLM-organisasies saamgesmelt het. Die bevelvoerder VHLM, lt-kol Doreen Dunning, is aangestel as ADLP, (Adjunk Direkteur Lugpersoneel) op die amptelike diensstaat van die Direkteur van Lugpersoneel in Pretoria. Die VHLM-direktoraat in Pretoria het opgehou om te bestaan en hulle pligte en

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 9, Nr 3, 1979. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

organisasie is oorgeneem deur afdelings van die SALM-organisasie.

'n Besluit is aan die einde van Junie geneem vir die ontruiming van die VHLM-lede met die gevolg dat alle rekords en korrespondensie aangaande die VHLM in Kairo aan die brand gesteek is. Slegs enkele offisiere en ander range sou oorbly om die belangrike klerikale take te verrig. Die tog na die Suide per trein het toe aan die einde van Junie 1942 begin. Die eerste afklimplek sou Assuan wees.

Sommige lede van die VHLM is egter spoedig teruggestuur na Kairo. Teen die 8ste Julie 1942 was die meeste VHLM-lede terug in Kairo. Intussen het die 25 lede van die VHLM wat in Kairo agtergebly het, moeitevolle arbeid verrig sonder dat daar enige vorm van ontspanning aangebied is. Met die terugkeer van die vroue na Kairo is hulle hartlik terugverwelkom deur die *RAF* Hoofkwartier in die Midde-Ooste en die goeie dienste wat hulle gelewer het, is weer eens beklemtoon.

'n Groot probleem was nog steeds huisvesting wat nie gou opgelos kon word nie. Weens die gevaar van grootskaalse gevegte, is besoeke aan Alexandria verbied veral indien lede van die VHLM hul vakansie daar wou deurbring. Gelukkig kon hierdie verbod op 10 September 1942 opgehef word, weens die goeie vordering van die gevegte in Alamein.



**Maj (mej) Monica Smith wat die lint van die Ster van Afrika dra. (Foto uit 'WAAF' Jan 1944 Vol 3, No 9).**

Aan die einde van September 1942 het die *RAF* 'n versoek gerig dat 54 VHLM-lede na die *RAF* gesekondeer word. Hierdie versoek is vir 35 lede toegestaan. Verder is dertien VHLM-lede wat reeds verbonde was aan die *RAF* Hoofkwartier ook gesekondeer sodat die totaal, saam met twee onsekeres 50 was. 'n Ander probleem wat op hierdie laat stadium opgeduik het, was die kwessie van dissipline en tugmaatreëls. Britse VHLM was onderworpe aan die Regulasies van die koning sodat dit beteken dat 'n gesekondeerde Suid-Afrikaanse VHLM-lid ook daaraan onderworpe sou wees.

Die huisvestingprobleem is aan die einde Oktober 1942 voorlopig opgelos toe 'n gebou teen die Nyl betrek kon word. Die eienaar van die vorige woonplek was nie meer tevrede met die voorwaardes waaronder hy sy hotel tot beskikking van die VHLM gestel het nie.

Op 7 November 1942 het die eerste SALM-VHLM huwelik ook plaasgevind toe sers (mej) Westland met sers Geraghty van 15 Eskader getroud is. Hierdie was die hoogtepunt van 'n see-romanse wat begin het op die seereis van die Unie na die Midde-Ooste.

Aan die begin van Desember het genl Theron die VHLM-lede meegedeel dat die Hoof van die Generale Staf die saak in heroorweging sou neem waarvolgens vroeër bepaal is dat geen ongevalle in die Midde-Ooste deur persone uit Suid-Afrika vervang sou word nie. Vroeg in Januarie 1943 moes genl Theron egter laat weet dat die Hoof van die Generale Staf (HGS) 'n finale beslissing gegee het, naamlik dat vervanging in die Midde-Ooste soos volg sou wees:

a. Ongevalle onder verpleegsters sou vervang word.
b. Geen vervanging van enige lede van die VHLM of VLHM.
c. Dames wat met verlof in die Unie was, kon terugkeer na Kairo, mits vakante poste bestaan het.

In Mei 1943 het die lede van die VHLM gehelp om gerepatrieerde krygsgevangenes te onthaal. Teen hierdie tyd het die Opperbevelhebber in die Midde-Ooste die leiding geneem om die bekendstelling en goeie werk van die VHLM aan die Unie moontlik te maak. Afgesien van sommige uitsonderlike gebeure, het die algemene pligte en werksaamhede van die VHLM voortgegaan.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 9, Nr 3, 1979. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Met hul tweede somer in Egipte het die onuithoudbare klimaatstoestande, lang werksure, tesame met die eentonige werk op die dames begin tel. 'n Ligpuntjie op die stadium het gekom toe die HGS ingestem het dat die getal VHLM-lede in die Midde-Ooste gehandhaaf sou word.

'n Verandering van regulasies het in Junie 1944 gekom toe bepaal is dat elke VHLM-lid drie jaar diens moes hê voor verlof na die Unie toegestaan sou word in teenstelling met die vorige twee jaar.

In Augustus 1944 kon vyf SA VHLM-offisiere na Italië oorgeplaas word. In Desember 1955 is 'n afskeidspartytjie vir brig Hingeston in Bari sowel as Kairo gehou deur die VHLM. In 'n toespraak het die brigadier die vroue weer eens bedank vir die buitengewone goeie werk wat hulle gedoen het.



**Lede van die SA Vrouehulplugmag op parade in die Midde-Ooste.**

Na 'n toer deur die Midde-Ooste en Sentrale Meditereense gebied, het (mej) Horrell 'n uitgebreide verslag voorgelê oor sake wat die VHLM ernstig geraak het. Dit het die vervangingsbeleid, rangstruktuur, bevorderings, soldy en toegewings ingesluit. In 'n opsomming het maj Horrell kortliks aangestip watter belangrike take deur die VHLM oorgeneem is. Hulle het hoofsaaklik die taak van tiksters, en klerke oorgeneem alhoewel hulle ook aangestel kon word as hoofde van afdelings. Oorspronklik is die vroue noorde toe gestuur as junior klerke, maar gou kon hulle poste beklee met meer verantwoordelikheid.

Die begin van 1946 is gekenmerk deur 'n gereedmaking om na die Unie terug te keer. Die eerste skip met alle lede van die VHLM het op 26 Januarie 1946 na die Unie vertrek. Die amptelike afskeidspartytjie op 23 Januarie 1946 het die vorm van 'n skemerkelkie aangeneem, bygewoon deur senior offisiere van die *RAF*, UVM en VHLM-afdeling van die *RAF*.

Op 8 Februarie 1946 is die hoofstuk van die VHLM in die Midde-Ooste afgesluit met die aanboord gaan van die VHLM-lede op die *Maloja* in Port Tewfik. Hulle vertrek na die Unie het vir sommige 'n terugkeer na vier jaar in die vreemde beteken. Die totale getal lede van die VHLM wat diens gedoen het in die Midde-Ooste het die totaal van 232 bereik.[51]

## Gevolgtrekking

### Betekenis

'n Baie goeie getuigskrif vir die VHLM in die besonder het gekom van genl J. C. Smuts, destydse Eerste Minister toe hy gesê het:

*Against the sharp relief of the valiant deeds of our soldiers, sailors and airmen in battle, there is a human background of patience and devotion to duty unequalled in history, and which victory would not have been ours. I commend this record of the achievements of the Women's Auxiliary Air Force, every significant part of that vast background.*[52]

Die eintlike werk wat deur die hulporganisasies verrig is, was baie groot en van besondere waarde. Hulle waardevolste diens het egter gelê in die beïnvloeding van die publiek, waardeur hulle instaat gestel is om gestadig en voortdurend die Unie se oorlogspoging en die geallieerdes se saak te bevorder.

As 'n afdeling uitgesonder kan word, is dit sekerlik die Welsynsafdeling. As enige welsynsoffisier homself die vraag moet afvra: 'Was die welsynsdienste van die VHVK die moeite werd?' en sy dan met reg kan 'ja' antwoord, dan was ten minste tien persent van die lede se terugkeer na hul huise met 'n nuwe belangstelling in hul vaderlandsake genoeg om te kan sê dit was wel die moeite en ywer werd. Indien gebroke huise herstel kon word, soos dit ook trouens was, en vroue teruggekeer het met nuwe moed en krag om 'n nuwe begin te maak, kon die offisiere met vrug terugkyk na hul opheffingswerk.[53]

**Tekortkominge**

Aangesien die aanwending van vroue op die diensstaat van die Verdedigingsmag slegs 'n vooruitgang was, het daar tog tekortkominge ontstaan. Dit kan egter slegs as 'n nadeel beskou word. Hier kan slegs gedink word aan die frustrasie wat by die vroue ontstaan het, omdat hulle so lank moes wag voordat hulle wel in die verskillende poste aangewend kon word. Verder kan as 'n moontlike frustrasie genoem word die feit dat die mans veral in die begin baie skepties gestaan het teen die feit dat die vroue hulle poste moes inneem en die take verrig wat hulle in die verlede gewoond was slegs aan mans toevertrou is. Dit het miskien veroorsaak dat die samewerking, veral in die begin nie heeltemal na wense was nie.

**Toekoms**

Die beleid om vroue in militêre poste aan te wend het tot in 1949 voortgeduur toe die Minister van Verdediging versoek het dat die werwing van vroue vir die VHVK Staande Mag gestaak moes word. Dit het dus beteken dat slegs die vroue op die diensstaat van die Geneesheer-generaal as verpleegpersoneel in die Unieverdedigingsmag behou sal word as Staandemagpersoneel.[54]

Hierdie beleid het egter die feit dat vroue in die toekoms met net soveel vrug in die Verdedigingsmag of Suid-Afrikaanse Weermag aangewend en gebruik kon word baie duidelik beklemtoon.

Die emansipasie van die vrou het sekerlik daartoe bygedra dat daar in 1970 'n begin gemaak is met die Burgerlike Beskermingskollege vir vroue op George. Vroue word opgelei om die taak van burgerlike beskerming in tye van oorlog ten volle te behartig.

Na 'n opleidingstydperk van twaalf maande is baie van hierdie vroue die kans gegun om die Suid-Afrikaanse Weermag hul loopbaan te maak. Hierdie vroue word dan ook op die huidige diensstaat van die SAW aangewend as administratiewe klerke, voorraadklerke, telekommunikasie-operatrises, ens. Die eerste groep vroue wat tot die SAW toegetree het en opleiding as kandidaat-offisiere ontvang het, het in April 1973 die kommissierang van tweede luitenant ontvang.

In Maart 1973 is die eerste keurraad belê vir die keuring van vroue met Matrikulasie-kwalifikasies uit alle oorde van die samelewing vir vul van verskeie poste in die SAW. Hierdie vroue het geen vorige ondervinding van drilwerk gehad nie, alhoewel sommige van hulle wel voorheen kennis gemaak het met die Weermag deurdat hulle as burgerlikes in die Departement van Verdediging werksaam was.

Ook is daar besluit om gekwalifiseerde vroue te werf om die verskillende professionele poste te vul, nl administratiewe offisiere, argivarisse, inligtingsoffisiere, sportoffisiere, dieetkundiges, huishoudkundiges, skakeloffisiere sowel as welsynswerksters. Dit is gevind dat vroue in laasgenoemde poste meer suksesvol as mans aangewend kan word weens hulle innerlike simpatieke houding teenoor welsynsprobleme. Die groot meerderheid offisiere word op die huidige stadium in die SA Leër aangetref.

'n Groot aantrekkingskrag wat vir die vroue van belang sou wees, is die feit dat hulle aangestel is met dieselfde diensvoorwaardes en voordele as die manlike lede van die Staande Mag.

**Ererol**

| RANG | NAAM | DATUM |
|---|---|---|
| L/V | Balfour, D. V. | 24-12-45 |
| Kpl. | Basson, H. C. | 5-9-42 |
| L/V | Bothma, A. M. | 28-11-42 |
| L/Kpl | Boyes, M. D. | 11-3-43 |
| L/Kpl | Burton, J. | 28-6-42 |
| L/V | Calitz, M. | 25-1-42 |
| A.O.O.I. | Cilliers, A. H. | 30-6-42 |
| A.O.O.I. | Daves, C. H. B. | 10-3-48 |
| L/V | Du Plooy, F. | 26-11-42 |
| Kapt | Everard-Steenkamp, R. K. | 19-3-46 |
| L/V | Haynes, E. L. | 25-12-43 |
| Kpl | Hunt, E. H. | 28-6-46 |
| A.O.O.I. | Jocum, S. | 18-2-44 |
| Kpl | Johnson, D. E. | 20-8-45 |
| Sers | Kerr, H. | 1-10-47 |
| L/V | La Grange, M. A. | 4-4-42 |
| L/V | Lehnberg, M. A. D. | 11-6-43 |
| L/Sers | Leslie, G. C. | 24-10-44 |
| L/V | Livingstone, E. S. | 12-2-45 |
| L/Sers | Ludditt, M. G. | 22-6-46 |
| L/Kpl | Marais, E. | 25-2-46 |
| L/Sers | Marquard, I. | 17-2-45 |
| L/V | Miles, M. B. G. | 14-6-41 |
| L/Kpl | Montgomery, M. | 14-4-45 |
| L/V | Randall, M. P. | 24-7-41 |
| L/V | Retief, A. J. | 4-2-42 |
| L/V | Richardson, M. | 28-2-44 |
| L/V | Robbertse, M. | 9-6-44 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| V/Sers | Roos, H. M. | 3-4-46 | L/Kpl | Thomson, C. M. | 13-8-47 |
| L/Sers | Smith, M. M. | 14-1-46 | A.O.O.I. | Van Heerden, U. L. | 7-8-46 |
| L/Kpl | Steenkamp, S. | 2-10-43 | L/V | Welch, D. M. | 24-1-43 |
| L/Kpl | Steyn, A. A. | 11-4-48 | L/V | Wilkinson, G. G. | 28-7-41 |
| L/V | Taljaard, M. E. | 17-7-46 | L/V | Yzendoorn, M. | 31-8-43 |

## VOETNOTE

1. K. Jameson en D. Ashburner: *South African W.A.A.F.*, p. 1.
2. *NAREP UNFO* Vol 16, p. 12122.
3. *CGS A14/7*, Vol 3, bylae 49.
4. *NAREP UNFO* Vol 16, p 12122.
5. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, pp. 1-6.
6. Tweede Wêreldoorlog, Voordruk uit die *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika*, No 23, p. 28.
7. *Amptelike Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika*, 1941, p. 429.
8. Tweede Wêreldoorlog, Voordruk uit die *Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika*, p. 28.
9. *Staatskoerant*, No 2701, Proklamasie 287, 17 November 1939.
10. Tweede Wêreldoorlog, Voordruk uit die *Offisiële Jaarboek*, p. 28.
11. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, p. 6.
12. *NAREP UNFO* Vol 16, p. 12112.
13. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, p. 8.
14. *CGS A14/7*, vol 3, bylae 46.
15. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, p. 35.
16. *Cape Times*, 1 Februarie 1941, SA Women's part in the War.
17. *The Star*, 24 September 1942, WAAF wants women photographers.
18. *Rand Daily Mail*, 10 Junie 1942, SA girls to be trained as flight mechanics.
19. *NAREP UNFO* Vol 16, pp. 12112-12121.
20. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, p. 37.
21. *Ibid.*
22. CGS 62/1, WAAS, WAAF, SAMNS, WADC, bylae 18A.
23. K. Jameson en D. Ashburner: South African W.A.A.F., pp. 8-12.
24. *Ibid*, pp. 27-28.
25. *NAREP UNFO* Vol 16, p. 12119
26. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, p. 27.
27. *NAREP UNFO* 16, p. 12120.
28. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, pp. 27-29.
29. *The Star*, 28 Augustus 1942, Women's part in keeping planes in the air: Growing spare of activities.
30. *CGS 62/2*, WAAS and Air, vol 1, bylae 152A.
31. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, pp 49-53.
32. *Ibid*, p. 11.
33. HWA/A16/5/5/16/2/16/2, bylae 29.
34. *Regulasies betreffende die Vrouehulpverdedigingskorps*, p. 1.
35. CGS A14/7, Policy and Organisation WAAF, bylae 46.
36. *Regulasies betreffende die Vrouehulpverdedigingskorps*, pp. 1-4.
37. *CGS A14/7*, Policy and Organisation WAAF, bylae 46.
38. *Regulasies betreffende die Vrouehulpverdedigingskorps*, p. 4.
39. *NAREP UNFO Vol 16*, p. 12103.
40. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, p. 40.
41. *NAREP UNFO* Vol 16, p. 12104.
42. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, p. 40.
43. *NAREP UNFO* Vol 16, p. 12105-12106.
44. *WADC DR(W)F* 24, Spiritual and Social Welfare WAAS & WAAF, bylae 72A.
45. *NAREP UNFO* Vol 16, pp. 12106-12107.
46. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, p. 44.
47. *DAG(P)* 716, WAAS Reorganisation.
48. *DAG(O)* 264, Welfare Work, M. E.
49. *NAREP UNFO* Vol 16, P. 12109.
50. *NAREP UNFO* Vol 16, p. 12120.
51. *South African War Diary*, South African WAAF, Middle East.
52. K. Jameson en D. Ashburner: *op cit*, Voorwoord.
53. *Ibid*, p. 47
54. *CGS 62/8*, Post War WADC, bylae 96.

## BIBLIOGRAFIE


a. *Sekondêre bronne:*

1. *Amptelike Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika*, No. 21, Pretoria, 1941.
2. *Amptelike Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika*, Hoofstuk 29, No. 23, 1946.
3. *Cape Times*, 1 Februarie 1941.
4. K. Jameson en D. Ashburner: South African WAAF, Johannesburg, 1946.
5. *Rand Daily Mail*, 10 Junie 1942.
6. *Regulasies betreffende die Vrouehulpverdedigingskorps*, Pretoria, 1939.
7. *Staatskoerant* No. 2701, Proklamasie 287, 17 November 1939.
8. *Star*, 28 Augustus 1942.
9. *Star*, 24 September 1942.

b. *Primêre bronne:*

1. *Chief of the General Staff*, (CGS) A14/7, Vol. 3, WAAF Policy and Organisation.
2. *Chief of the General Staff*, (CGS) 62/1, WAAS, WAAF, SAMNS & WADC.
3. *Chief of the General Staff*, (CGS) 62/2, WAAS and Air, Vol. 1.
4. *Chief of the General Staff*, (CGS) 62/8, Post War WADC.
5. *Deputy Adjutant General* (Personnel): (DAG(P)), 716, WAAS, Re-organisation.
6. *Deputy Adjutant General* (Organisation) (DAG(O)), 264, Welfare work — Middle East.
7. *Hoof van Weermagadministrasie Argiewe* (HWA/A), HWA/A16/5/5/16/2/16/2.
8. *Narratives and Reports, Units and Formations* (NAREP UNFO), Deel 16.
9. *South African Air Force War Diary*, South African WAAF, Middle East.